
TEMMERS VAN DIE WOESTYN
NO. 7.
DIE WIND BEVEEL
braam le roux

Hy dans vinnig opsy en wag sy aanvaller in. Die man se vuiste hang nou effens, en dan is dit Riaan wat vorentoe spring. 'n Geweldige reguitlinkerhou word na sy teenstander se gesig uitgestuur. Dit tref hom vol op sy neus. Die bloed spat die volgende oomblik in alle rigtings en Riaan se vuis is klam daarvan, maar nog voordat die man kon droom om van daardie hou te herstel, volg 'n kort, ongenadige regterswaaihou. Dit tref die persoon teen die kant van sy ken, hy laat 'n kreun hoor en struikel effens. Riaan volg op en elke hou is raak. 'n Regterhou in die maag, 'n linkerhou in die sy, weer een in die maag en die man buk effens . . . en dit is net waarvoor Riaan gewag het.



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Wit Doek oor die Gamohaan | 3 |
| 2. | Die Moordenaar is Terug | 12 |
| 3. | Die Gevaarlike Vrou | 21 |
| 4. | Uitklophou vir Riaan | 31 |
| 5. | Die Pistool is Wet | 41 |
| 6. | Rooi is die Son | 51 |
| 7. | Weeklag uit die Woestyn | 61 |
| 8. | 'Soen my vir Laas' | 70 |
| 9. | Die Bloed Vloei | 81 |
| 10. | Die Man met die Merk | 91 |


Hoofstuk 1

## WIT DOEK OOR DIE GAMOHAAN

Die maanstrale val skuins op haar hare. Die glans is sag en swart. 'n Gedeelte van haar gelaat is half in die donker. Sy staan in die agterdeur—een voet op die drumpel. Die diep skaduwees in die donker vertrek verinnig die skoonheid van haar gesig. Haar hare hang los oor haar skouers. Die grys-groen oë glinster, maar daar is onrus in hulle te bespeur. Daar blink 'n vogtigheid op haar lippe. Sy stoot haar hare effens uit haar gesig en toe sy vorentoe beweeg, is haar gesig heeltemal in die donker.

'Riaan, ek moes liewer saamgegaan het,' sê sy op gedempte toon en haar stem is soos die sagte metaalklank van helder water wat oor klippe kabbel.

Hy slaan sy een arm om haar en druk haar teen hom aan. Hy voel haar hart teen hom aan klop. Dan streel hy oor haar swart, gekartelde hare—dit is fluweelsag. Hy merk die besorgdheid in haar oë.

'Sonja, jy is verniet ontsteld. Ek gaan mos nie vir maande weg nie. Ek wil nie hê dat jy moet saamgaan nie. Dit is onnodig. Hou jy liewer die koffie warm, my groot, stout kind. Ek moet net seker maak wat daar by die krater haper en of dit alles maar net die verbeelding van outa Joos is. Maar ek twyfel. Jy weet dat ons al geruime tyd agterdogtig is. Daar is bepaald gefoeter by die tonnel wat ek self behoorlik toegegooi het. En ek is seker dat dit nie nagdiere is nie.'

'Maar, Riaan, niemand behalwe jy en ek weet waar die krater geleë is nie. Jy het die kaart wat die ligging aanwys . . .'

'Nietemin is daar baie mense in die omtrek wat weet dat daar êrens op die Groot Glinster diamante is. En aan outa Joos se traanogies kan ek sien dat hy daardie toegemaakte tonnel in die krater nie vertrou nie. En dan, ou Geel Koos Gouws is 'n liewe ou man. Jy ken hom al jare, trouens, die hele Kuruman ken hom en hy ken weer die ganse Kalahari. Maar hy is 'n ou jakkals. Hy ry glad te veel na my sin alleen die woestyn in, en dan fluister hy altyd kekkelend dieselfde geheimsinnige ou sinnetjie aan my: 'Riaantjie, moenie worrie nie, een van die dae sien jy 'n groot verrassing.'

Sonja lag gedemp, maar helder.

'Jy praat nou net soos ou Geel Koos. Maar die ou het so min verstand en hy kyk nog boonop so diep in die bottel. Ek sweer hy weet nie aldag wat hy praat nie. Skoon kinds al . . .'

'Sy sogenaamde kindsheid is miskien net 'n soort jakkalsstreek, Sonja. Wat soek hy so baie in die woestyn?'

Daar is 'n rukkie stilte en hy maak hom gereed om te gaan. Hy het 'n rybroek en kamaste aan, maar is soos gewoonlik kaalkop.

'En hoe weet jy dat daardie spoke of mense nou juis in hierdie deel van die nag by die krater boer . . .?'

'Outa Joos sê so. Hy het een man glo twee nagte gelede omstreeks hierdie tyd daar gesien. Joos se struis is die naaste aan die krater. Hy móét sien as iemand daar in die maanlig teen die koppie op beweeg. Dit wil sê as hy wakker is. Hy sê dit is altyd so teen die eerste hoenderkraai . . .'

'En daar is dit nou,' kom dit hees-fluisterend van Sonja.

Duidelik hoor hulle dit. Dit klink helder op—die gekraai van 'n hoenderhaan daar uit die rigting van die strooise. En dan, na 'n rukkie stilte, breek die antwoorde van die ander gevleueldes los, maar dit klink verder en verder.

Sonja kyk onmiddellik na die regop spitsberg, die Gamohaan, waaraan die swartes soveel bygeloof heg. Hulle glo dat die voorvaderlike geeste sommige maanlignagte daar kom feesvier. Hulle bedek dan die spitsberg met die wit kopdoek van hul gestorwe wit koningin . . .

En nou lê daardie wit doek oor die kruin van die Gamohaan—'n wit wolk, byna deurskynend, byna roerloos, asof hy daar deur 'n onsigbare hand vasgehou word.

Sy sidder effens. Van kleins af het sy altyd op sulke maanlignagte lank na die kruin gekyk en dan gefantaseer, gemymer oor dinge van 'n ander wêreld, die wêreld van dinge wat onaantasbaar is.

Riaan Naudé druk vinnig 'n soen op haar voorhoof.

'Ek wens jy kan sien hoe mooi jou oë nou is, Sonja,' en hy skuur sy wang teen hare. 'Jy lyk nou soos 'n bang kind wat aan spookstories glo.'

'Ek is nie bang nie, Riaan, maar dit is net dat ek vrees dat daar wel dalk iemand is wat weet van die tonnel in die krater, iemand wat die diamante bygekom het en hulle wil steel voordat die Regeringkopers wat jy uit Kimberley ontbied het, hier opdaag.'

'Dit is waarom ek nou soontoe gaan, my hartlam. Jy sien, my ou poppie, ek sê mos jy is nie my vroutjie nie, jy is nog maar my ou dogtertjie. Jy is tog soveel jonger as ek.'

Die woorde kom teer en innig van Riaan.

Sy glimlag, kom dan vinnig vorentoe en soen hom vol op die lippe.

'Ja, net twee weke getroud met jou dogtertjie en jy gaan alweer alleen weg.'

Riaan lag haar uit.

'Stout kind. Ek sal nie langer as 'n uur wegbly nie.'

'Te lank,' sê sy, nou meer tevrede.

Die koel môrelug waai teen haar aan, vee van die los, swart krulle oor haar gesig.

Haar oë volg sy bewegings toe hy wegstap: 'n man van oor die ses voet, atleties gebou, gespierd, veerkragtig op sy voete. Sy sien sy deurmekaar hare. So het sy hom die eerste dag daar in die veld by die Rooiberge gesien. Toe was sy gesig egter vol stoppelbaard en hy was moeg. Sy het toe al die trekke van ervaring en ontbering op sy gesig gelees en sy het geweet dat hy baie ouer as sy is. Ja, hy is meer as tien jaar ouer as sy. Maar hy lyk nie soos iemand wat al in die dertig is nie. Sy gesig is nog byna sonder rimpels: sy spiere so soepel en veerkragtig soos 'n man van twee-en-twintig s'n.



Sy sien hoe hy die staldeur oopmaak. 'n Rukkie daarna kom hy met Vonk, sy vlamrooi perd, net so vurig en lewenslustig soos sy baas, tevoorskyn. Vonk gee 'n kort runnik-geluid. Sy sien hom trippel en kopspeel in die maanlig toe Riaan die saal op die dier se rug lig. 'n Paar minute later lig Riaan hom in die saal. Hy kyk terug na die huis en waai met sy hand. Sonja het uitgekom op die werf, en haar swart hare in die helder strale van die maan steek skerp af teen die wit kamerjas. Sy wuif terug.

Dan klap die perdepote in die nag; spoedig slaan dit oor tot 'n galop en weldra verdwyn ruiter en perd in die dieper skaduwees van die haak-en-steek.

Die jong vrou gaan nog nie na binne nie. Haar gedagtes het skielik teruggegaan na 'n paar weke gelede—ja, net 'n paar weke gelede toe Riaan Naudé die eerste keer hier aangekom het, gehaat deur almal in die dorp—net soos sy ook gehaat is. Sy, Sonja Opperman, nou Sonja Naudé, is deur die Kurumanners verfoei; hulle het op haar neergesien—almal, selfs sy, het gereken dat sy nie van suiwer blanke afkoms was nie. Dit was Riaan wat bewys het dat sy die dogter van die stoere Dorslandtrekker, Oppermann, is. Maar alles het so blitsig gegaan, alles lyk nou nog so fantasties soos 'n droom. En Riaan het ook bewys dat sy vader nie skuldig is aan die sondedaad waarvoor die hele Kuruman hom gehaat het nie. Hy het nog meer gedoen, haar wonderlike Riaan. Hy het die bende wat in hierdie omstreke dood en verwoesting gesaai het, uiteen laat spat. Net een van hulle is nog skoonveld, die een wat in die woestyn verdwyn het.

Die diamanttonnel is op Riaan se vader se plaas, nou Riaan en haar plaas, Groot Glinster, ontdek, maar Riaan het dit verder laat toegooi en diamantkopers wat deur die regering van die Kaapkolonie erken word, ontbied. Hulle het gedink dat hul lewe nou stil en rustig gaan verloop. Maar dit lyk of die moeilikheid alweer opgedoem het. Dit lyk asof die mense mal van bloedlus bly solank die glinstering van klippe in die nabyheid is; dit lyk asof oerdrange en primitiewe emosies ontketen word waar hierdie vervloekte goed op die spel is.

Sonja se oë rus weer op die wit wolk oor die hoë kruin van die Gamohaan, waar die gode van die Tjeschuana in die maannagte onheil met hul fees voorspel. So het sy die volk altyd van kleins af hoor sê. Wanneer die wit wolk oor die kruin van die Gamohaan hang, so stadig soos nou daaroor seil, asof hy onwillig is om weg te breek van die rotse op die spits, is daar onheil aan die kom.

Sy staan roerloos daar op die werf en hou die nouliks sigbare beweging van die misbank dop; en ineens is dit of daar 'n vrees in haar opkruip. Netnou, voor Riaan, vertrek het, was die gevoel ook daar, maar nou is dit intenser.

Vinnig haas sy haar na binne. Sy steek egter geen kers aan nie. Op die riempiestoel voor die es gaan sy sit, maar sy kyk deur die venster en luister fyn of sy geluide buite kan hoor.

Daar is niks nie. Selfs die gekraai van die hane is nie meer daar nie. Daar is net 'n gesuis in haar ore en 'n ondraaglike stilte. Sy begin neurie. 'n Mens moet nie bygelowig wees nie. Hierdie stories van die Gamohaan is te dikwels aan haar

vertel toe sy jonk was, en die gees van die jeug is so ontvanklik!

Sy skud die neerdrukkende gedagtes van haar af, staan op en begin die es aanpak, terwyl sy nog steeds 'n liedjie neurie.

Effens meer as 'n myl van hul woonhuis af, ry Riaan nou versigtig voort. Hy hou sy perd al in die skaduwees van die vaal kameeldorings en heuningbosse. Die beeste het hier oral diep spore getrap. 'n Koel, verfrissende windjie waai. Dit is die stilste uur van die vroeë oggend. Dit is of alle lewe vir laas 'n laaste diep rus geniet voordat hulle die nuwe dag moet aanpak. Dit is of selfs die nagdiere—die bekende weerwolf van hierdie geweste, die strandjut, die draaijakkals en die luiperd—'n uurtjie van mymering deurmaak.

Na 'n rukkie stuur Riaan sy perd effens na regs en gaan 'n klein klofie binne. Dadelik hou hy sy perd effens in. Vonk slaan na 'n drafstap oor. Hier staan die bosse en bome digter teenmekaar, en daar is slegs 'n dowwe beespaadjie. Naudé moet laag buk sodat die takke hom nie krap nie. Hier reg voor hom troon die Gamohaan nou en daar, effens teen sy steiltes op aan die noordelike voet van die kruin, is die krater en die tonnel.

Die misbank het nou effens van die kruin af verskuif en dit lyk of 'n ligte wind die wolk aan die voorpunt afdwing aarde toe. In die helder maanskyn lyk dit soos water wat oor die rotse stroom. 'n Oomblik lank kyk Riaan na die skouspelagtige gesig. maar dan skrik Vonk gevaarlik. Hulle het tussen 'n klomp tarentale ingery. 'n Oomblik gelede was hulle nog rustig aan die slaap hier in die takke van 'n groot kameeldoring, maar nou kekkel en waarsku dit dat dit 'n naarheid is. Vonk snork en gee eenkant toe pad. Riaan ruk sy dier egter weer vinnig in die paadjie en kalmeer hom dadelik. Dit raas nog deur die bosse soos die blou-swart voëls ente vlieg, tussen die takke verstrik raak en aarde toe tuimel. Ander vlieg hoër en stryk aan die voet van die Gamohaan, neer, digby die krater.

Riaan verwens homself. Indien daar iemand by die krater is, of digby die krater, het hy hierdie gesketter van die tarentale sweerlik gehoor. En indien hy enigsins 'n kenner van die veld is, sal hy weet dat iets of iemand onverwags op hulle afgekom het. Een ding is seker: as daar iemand onwettiglik by die krater ronddool, sal hy nou gewis op sy hoede wees.

Hy sit 'n oomblik roerloos op die rug van sy perd in die skaduwees van groterige rooihake. Die gesketter van die tarentale is nou weer stil. Net 'n enkele, wat waarskynlik van die trop afgedwaal het, roep aanhoudend, maar weldra staak ook hy sy geroep en die hele omgewing is weer in stilte gedompel. Daar is net die ligte windjie wat trek en die blare van die bome so effens roer. Net 'n oomblik lank sit Riaan so stil op Vonk, dan gee hy hom weer spore en stadig baan die perd sy weg deur die bosse.

Hulle kom al nader aan die krater. In die maanlig kan Riaan dit reeds vaagweg sien. Sy ore is gespits en sy oë soek soos dié van 'n roofvoël in die omgewing rond.

Opeens hoor hy dofweg die gerunnik van 'n perd. 'n Oomblik lank was hy glad



nie seker of die geluid wel van 'n perd afkomstig is nie, maar toe Vonk sy ore spits en sy kop regop ruk om die gerunnik te beantwoord, was hy seker. Vinnig kap hy die dier met die kant van sy hand tussen sy ore. Hy is net betyds, want Vonk was op die punt om daardie hees geroep te beantwoord.

In 'n oogwenk het Riaan sy perd ingeruk.

Hier in die skaduwees kan niemand hulle sien nie. Die wind waai van hulle kant af na die krater toe. Dit is daarom dat daardie perd daarbo sy dier die eerste gewaar het. Nou is Riaan seker dat daar iemand by die krater is. Daar is nie van sy diere wat in hierdie rigting wei nie. Die drie ryperde wat hulle gebruik, staan altyd op stal en die ander is in 'n groot klipkraal van etlike morge groot afgekamp. Wilde perde kan dit ook nie wees nie. Hulle kom nooit tot hier nie. Dit is te gevaarlik naby die strooise. En uit ervaring weet Riaan ook dat daardie gerunnik nie die wilde, hees gerunnik van 'n wilde ros is nie.

Daar is iemand by die krater!

En indien daardie persoon waaksaam is, sal hy ook weet dat sy perd een van sy soort gewaar het.

Plotseling, sonder om verder te aarsel, spring Riaan uit die saal. Stadig lei hy sy perd dieper die skaduwees in en haak die toom oor 'n stomp. Dan beweeg hy rats vorentoe, van bos tot bos. Sy vuurwapen is reeds in sy hand.

Daar bo by die krater heers nou 'n doodse stilte. Ook die ander perd is nou stil. Daar beweeg niks nie.

Van outa Joos se struis se kant af kom die gekraai van 'n haan. Dit weerklink luid teen die kranse aan en lok verskeie antwoorde uit. Dit is seker al baie naby aan halfvier, indien dit nie al later is nie.

Skielik roer daar iets bokant Riaan. Iemand of iets het teen 'n los klip gestamp, dit effens teen die helling laat afrol. Moontlik is dit daardie perd; moontlik is dit 'n mens, iemand wat hom dalk nou uit die voete wil maak!

Riaan draf vinnig reg in die klofie op in die rigting van die krater. Net nog 'n paar tree en daar sal nie meer bome wees waaragter hy kan skuil nie. Om tot by die eerste rotse om die krater te kom, moet hy in die volle strale van die maan tevoorskyn tree. En die persoon wat daar bo is, het baie rotsblokke om agter te skuil.

Die groter swarthaak maak hier plek vir die platter trassiebosse, en nou vorder Riaan stadiger. Hy buk nou laag neer en vorder tree vir tree. Daar staan nou nog net 'n kwarriebos tussen hom en die oop ruimte wat hy moet oor, voordat hy die krater en die verseëlde tonnel, waar die kosbare juwele deur sy vader ontdek is, bereik.

Baie ver weg roep 'n boskorhaan, en met dié buk Riaan vinnig agter die kwarriebos in. Hy loer tussen die takke en die blare deur. Voor hom lê die massiewe rotse wat die krater omring, baie duidelik in die maanskyn—gitswart rotse. Maar die rotse werp lang skaduwees waarin iemand maklik kan skuil. Agter daardie rots kry 'n mens die hol krater en in die krater 'n soort pyp of tonnel. Die persoon kan ook daar binne wees en dan móet hy Riaan sien sodra

hy afsak na die tonnel toe. Dan bestaan daar geen twyfel oor wie die beste daaraan toe sal wees indien daar geskiet word nie. Riaan sal 'n oop, duidelike teiken daar op die rand van die krater wees.

'n Rukkie wag Riaan in die skaduwee van die kwarriebos. Dit is vir hom eienaardig dat hy geen geluid hoor nie; ook snaaks dat die perd nog nie weer gerunnik het nie.

Hy kom stadig orent en wil net vinnig oor die maanligkol hardloop, toe hy iets daar in die skaduwees van die groot rotse sien roer. Dit was net so 'n vinnige flits asof iemand met 'n geruite hemp aan oor 'n maanligkol gespring het. Dit was baie vinnig, maar Riaan het dit gesien. Hy buk weer laer en hy omklem sy rewolwer stewiger.

Lank wag hy nie, want ineens kom daar die gekras soos van klip wat teen klip skuur. Hy hoor die voetstappe van iemand wat vinnig oor die gruis en klippe loop.

En dan sien hy 'n man duidelik. Half gebukkend snel iemand deur 'n strook maanlig, met hier en daar 'n skadukol afkomstig van 'n paar bossies hoër op teen die berg en oorhangende kranse. Riaan sien ook in 'n oogwenk dat die persoon 'n breërandhoed op het. Hy is kort van gestalte en beweeg asof sy een been kruppel is.

Onmiddellik weet Riaan met wie hy te doen het. Die volgende oomblik vertoef hy nie meer langer agter die kwarriebos nie. Hy snel vorentoe, ongelooflik vinnig.

Die vlugtende persoon het hom gehoor, en soos blits draai hy om. Hy is geen tagtig tree van Riaan af nie en toe hy omswaai, is die strale van die maan op sy gesig. Riaan verbeel hom dat hy in daardie siedende oomblik vrees op die man se gesig bespeur het. Hy moet seker die rewolwer in Riaan se hand sien blink het en die baas van die plaas ook dadelik herken het. Die persoon pluk na sy rewolwer, maar dit is of sy hande skielik nie behoorlik kan beweeg nie.

Riaan hardloop nog steeds en hy skree reeds van ver af: 'Staan waar jy is, Geel Koos, of ek maak van jou 'n sif!'

Maar dit is of Geel Koos nou tot besinning kom. Hy swaai skielik om, ondanks die bevel, en so vinnig soos sy mank been hom kan dra, snel hy verder die hoogte op.

Opeens merk Riaan die perd daar onder 'n swarthaak, 'n entjie teen die hoogte op. Geel Koos is reeds baie naby sy perd. Die dier het dieselfde grys-skimmel kleur as die rotse agter hom, daarom kon Riaan dit daar van die klofie af nie sien nie. Hy besef onmiddellik dat die ou man sy perd sal haal voordat hy hom kan beetkry. Hy verbaas hom vir die ratsheid van die vent. Riaan kan skiet, en hy weet dat hy sal tref, maar aangesien die oubaas een van sy werknemers is, wil hy dit graag vermy.

Hy skree weer:

'Staan, Geel Koos!' Maar Geel Koos vlug soos 'n besetene. Dit is dus duidelik dat hy kwaad gedoen het, dat hy iets by hom het, miskien diamante, wat hy graag wil behou. Dit is ewe-eens duidelik dat Geel Koos hom nie vir iemand anders aansien nie.



Geel Koos is by sy perd. Die perd skrik effens en steier eenkant toe. Dit gee Riaan geleentheid om vinniger nader te kom. Met verbasende behendigheid vir so 'n ou man lig Geel Koos hom in die saal, maar Riaan is by. Hy gryp die perd aan die stang. Die dier proes en wil lug toe met sy pote. Riaan hou egter om lewe en dood. Een oomblik kom hy gevaarlik naby die kappende pote van die dier.

'Geel Koos, nou skiet ek jou perd onder jou as jy nie afklim nie,' en met dié woorde pluk Riaan weer hard aan die stang van die verbouereerde dier. Geel Koos probeer na Riaan skop, maar op daardie oomblik raak die oubaas sy ewewig kwyt, want die perd steier weer eenkant toe. Riaan druk vinnig sy rewolwer in die leerskede aan sy heup terug, en dan pak hy die oubaas aan die been. Geel Koos sien dat hy dit nou sal moet ontgeld.

'Wat makeer, wat makeer . . . Riaan!! Riaan, is jy skoon van jou sinne beroof?' praat hy met 'n sleeptong en Riaan kan onmiddellik die reuk van wyn in sy neusgate voel.

'Klim af!' skree Riaan. Geel Koos hou nie van die blik in sy baas se oë nie. Hy trek die perd dus in en die dier kom half tot bedaring. Vinnig sukkel Geel Koos uit die saal. Hy kom hygend voor Riaan staan en druk sy hoed stywer op sy kop. Hy hou die perd egter nog aan die toom vas.

'Wat soek jy hier, Geel Koos, en waaroor jaag jy weg?'

'Maar . . . maar Riaantjie, ek werk vir jou. Ek is altyd op jou plaas. Ek het nie geweet dit is jy wat my hier bekruip nie. Jy gaan tekere soos iemand wat 'n moord wil pleeg.'

'Kyk, Geel Koos, my oë is nie groen nie. Jy was in die krater. Jy het daar uitgesluip! Wat het jy daar gesoek, en waaroor hardloop jy weg? Jy het gesien dat dit ek is. Jy het my stem gehoor. Moenie kaf probeer praat nie, Geel Koos!' hyg Riaan dit uit.

Geel Koos staan hom beteuterd en aankyk. Hy staan met sy een hand naby sy broeksak.

'Ek was in die krater, natuurlik. Hoekom moet ek nie in die krater wees nie? Ek het iemand hoor skree en nie geweet dit is jy nie. Ek is oud, kan nie so goed soos jy hoor nie. Ek het iemand gesien, ja, ek is oud, ek kan nie so goed soos jy sien nie. Ek . . . ek . . .'

'Jy is 'n jakkals, Geel Koos. Haal uit die goed wat jy daar in jou sak het of ek haal dit uit!'

Riaan beweeg vorentoe, maar Geel Koos staan agteruit en die klein ogies rek groter. Hy vat sy sak vas, asof om te verhoed dat Riaan dit bykom. Naudé gryp Geel Koos vinnig aan die bors en klap die ou man se hand blitsig van sy sak af weg. Geel Koos stoei hewig, maar uiter geen woord nie.

Riaan se hand is amper in Geel Koos se sak.

Ineens hoor hy die gekras agter hom; 'n takkie kraak en dit gaan asof hy iemand hoor asemhaal.

Blitsvinnig los hy Geel Koos en swaai om.

Net een siedende oomblik lank sien hy sy aanvaller, maar hy kry 'n duidelike beeld voordat hy laag wegbuk om die hou wat met die kolf van 'n rewolwer na sy kop gemik word, te ontduik. Die man het 'n swart hemp aan. Die moue is opgerol. Die hare is duidelik op die voorarms te sien. Van die gesig was daar net een vinnige indruk: verwronge en vertrek, en daardie groot kakebeen!

Riaan kon die hou nie heeltemal ontduik nie. Die hou wat hom op sy agterkop moes getref het, tref hom met 'n dowwe klank op sy rug, 'n hou wat die pyne vinnig in sy rugstring afstuur. Riaan sak byna op sy knieë, maar met 'n bomenslike kragsinspanning bly hy op sy voete. Nog gebukkend tree hy vorentoe, val byna teen die vreemdeling vas. Hy kry hom aan sy heupe beet, vat stewig en swaai dan die liggaam voor hom met al sy krag eenkant toe. Maar hy het met 'n stuk onbeweeglike rots te doen. Sy aanvaller beweeg net effens eenkant toe, maar staan dan weer pal, en mik 'n vinnige vuishou na Riaan se kakebeen. Aan die kragtige beweging van die liggaam wat hy omklem, het Riaan egter die hou voel kom, en hy swaai dus sy kop vinnig eenkant toe. Die hou tref sy skouer met die krag van 'n voorhamerhou. Dit lig hom byna van sy voete. Hy los sy greep om die man se middel, en net toe hy half orent kom om weer 'n vlugtige blik van die man se gesig te kry, moet hy weer 'n regterhou keer wat met mening na sy gesig uitgestuur word. Riaan slaag daarin, maar sy aanvaller merk gou dat dit nou op 'n taai liggaamlike kragmeting gaan afloop. Hy het die rewolwer nog in sy linkerhand en die volgende oomblik lyk dit asof hy dit wil gebruik.

Nou is dit egter Riaan Naudé wat aanval. Net een sprong en hy het die hand met die vuurwapen met albei syne vasgegryp. Die aanvaller slaan hom met die regtervuis teen die wang, maar dit is nie 'n harde hou nie.

Een vinnige en behendige swaai van Riaan en die rewolwer val uit die vreemdeling se hand.

'So!' vloek die skelm wat Riaan so flussies byna uitoorlê het, en nou storm hy holderstebolder op Riaan af. Hy slaan verwoed, lyk amper na 'n windmeul soos sy arms swaai. Riaan het sy teenstander intussen vinnig opgesom. Die man is gewis baie swaarder as hy, maar ten minste 'n duim korter.

Naudé keer die houe vinnig weg, maar moet terselfdertyd agtertoe padgee.

Klippe en kluite spat die volgende oomblik soos Geel Koos wegjaag. Maar Riaan hoor dit skaars. Hy moet al sy krag inspan om hierdie verwoede, behaarde man van hom af weg te hou.

'n Harde regterhou, en dan weer 'n linkerhaakhou, tref Riaan in die ribbes en dit laat hom byna kreun van pyn, maar hy byt vas en stoot dan vinnig soos blits sy regtervuis na die man se neus uit. Dit tref—en die kop van sy aanvaller ruk agteroor. Nog 'n regterhou van Riaan. Dit is ook 'n voltreffer en sy aanvaller steier agteruit, maar die kort, frisgeboude man is dadelik weer terug op die aanval. Met sy verwoede stormloop dwing hy Riaan weer agteruit. Naudé merk nie dat hulle reeds heelwat nader aan die kraterafgrond beweeg het nie. Nog slegs twee tree skei hom van die afgrond. Sy aanvaller het dit egter bemerk en



soos 'n tier hou hy vol. Hy tref Riaan nie in die gesig nie, maar die lyfhoue is pynlik en hard en dit dreig om Riaan skoon van sy voete te lig.

Opeens verander die vreemdeling van taktiek. Voordat Riaan reg besef wat gaande is, slaan die man met sy linkervuis en terselfdertyd skop hy 'n geweldige hou na Riaan se maag. Instinktief span Riaan se maagspiere saam en hy keer met sy linkerhand . . .

Maar dit is 'n raakhou.

Die volgende oomblik is dit of die aarde onder hom padgegee het, of die maan se strale uitgedoof word.

Hy voel hoe hy oor die rand van die kratermuur afstort.